16



53. Die Betekenis van die Algemene Vergadering in Nieu Delhi

Volgens Life and Work van Januarie 1962 kom die kerkregering wat Gereformeerdes en Presbiteriane toepas tot sy reg in die Wêreldraad van Kerke. Daar is geen sprake van 'n hierargiese stelsel nie, eerder van 'n demokratiese: elkeen se stem geld eweveel.

Die samestelling van die Wêreldraad - Oos en Wes, ou en jong kerke, afgevaardigdes uit die hele wêreld help die mense van die Weste om te besef dat meer as die helfte van die mensdom nie genoeg het om te eet nie, terwyl die politieke magsgroepe astronomiese somme aan vernietigingswapens spandeer. Die ou historiese kerke mag tevrede voel met die mate van samewerking wat tussen die kerke bereik is maar die jong kerke in Asië en Afrika voel dat dit geen eenheid is nie maar versplintering en dit terwyl die kerk in die meeste lande in die minderheid is. Die ou kerke het egter eeue van waardevolle ondervinding opgedoen en is in staat om die geesdrif van die jong kerke in goeie kanale te stuur en teen die eeu-oue versoekings van die kerk te waarsku.

Die Here het klaarblyklik die ryke verskeidenheid van gawes in Nieu Delhi gebruik en so moet dit wees waar Christelike mense vergader met geen verskille van status en geen stemme wat domineer nie. Hiermee is ook 'n demonstrasie gelewer van ware katolisiteit. Ons het mekaar nodig en moet nederig genoeg wees om dit te erken. Wanneer ons as kerke alleen staan is ons geneig om te nasionalisties te word; ons kultuur en beskawing, ons maatskaplike leefwyse en ons tradisies is vir ons van meer waarde as die koninkryk van God. Ons word te hoogmoedig om van ander kerke te leer wat God aan hulle in hul lewensomstandighede geleer het. Ons is geneig om te meen dat Hy niks meer vir ons te sê het as wat ons self ontvang en op eie akker geleer het.

Die grootste waarde van die Algemene Vergadering in Nieu Delhi was geleë nie soseer in wat gesê is nie - al is inderdaad baie belangrike en agtenswaardige dinge gekonstateer - maar in wat dit was. Terwyl dit oor die moeilikhede van eenheid eerlik en opreg gespreek het, het dit in feite die bestaan van eenheid gedemonstreer. Dit was één liggaam saamgestel uit honderde verskillende elemente maar deur Gods wil tot 'n eenheid saamgevoeg. Sy Gees het oor ons swakhede getriomfeer!

*** ***

Almal se dienaars

Ons is "dienaars van alle mense". Twintig miljoen pond is deur die lidkerke van die Wêreldraad verlede jaar bymekaar gebring om die behoeftigste mense en lande te help - slagoffers van hongersnood, oorstroming en oorlog, vlugtelinge en onderdruktes.

*** ***

Vredevors

Ons glo dat vrede Gods wil is. Dit is nie versoenbaar om tegelyk 'n beleid van oorlogsbedreiging en van onderlinge ontwapening te volg nie. Die kerke roep die nasies op tot 'n ander oorlog: teen armoede, siekte, uitbuiting en onkunde. Hierdie soort oorlog eis groter opoffering en groter aanwending van wetenskaplike, opvoedkundige en materiële hulpmiddels. Laat die volke in hierdie gesamentlike taak 'n positiewe vredesprogram vind.

*** ***

Sending is een

Biskop Leslie Newbegin som op: Christelike sending is een en dieselfde dwars deur die wêreld, want die evangelie is dieselfde vir alle mense. Hierdie sending sluit in jou eie omgewing en die uiterste eindes van die aarde. Elke gemeente is 'n gemeenskap

van/.....

van getuies.

Die parogiale stelsel is uitgedien en tot nog toe is geen stappe gedoen om nuwe weë in te slaan nie. Die vasklou aan die status quo is te veroordeel. Die grootste struikelblok op die pad van vernuwing is die idee dat die bevestigde leraar die prima donna is. Hieraan het die tevrede lidmaat eweveel skuld as die paternalistiese pastor.

54. Kerke voed die Hongeriges

Volgens The British Weekly van 26 April 1962 sal die Wêreldraad van Kerke 'n drie-miljoen pond hierdie jaar bestee aan die voeding en rehabilitasie van behoeftiges, wat ook al hul ras of godsdiens mag wees. Die Vryheid van Honger Veldtog vir hierdie jaar sluit in onderrig in die beste landboumetodes, behuising, dorpsaanleg, kinderversorging ens. Kerke uit alle wêrelddele het volgens 'n werkplan wat in Nieu Delhi bespreek is hul skemas na die Genêve-hoofkwartier van die Wêreldraad van Kerke gestuur.

Vir die eerste keer het kerke oor die hele wêreld gesamentlik 'n plan beraam om met verenigde kragte hulp te bied aan hongeriges in Asië en Afrika. Afsonderlik deur middel van hul sendingaksie het spesifieke kerke in die verlede veel in hierdie opsig verrig. Die gesamentlike poging het ten doel om mense te help om hulself te help.

55. Om die Hongeriges te voed

Jaarliks trek duisende vakansiegangers na Sicilië waar die wonderlikste natuurskoon maar ook die verskriklikste armoede te vinde is. In sy boek Om die hongeriges te voed beskryf Danilo Dolci, 'n argitek van Noord-Italië, iets omtrent hierdie skokkende armoede in Palermo een van die skilderagtige stede van Sicilië. Klompe mense tou gereeld na die kaserne met hul emmers en blikke om met verlof van die wagte voedsel in die afvalbakke te soek. Andere roei na die groot passasierskepe om die afvalkos van die skeepskokke te koop en weer aan die armes in die agterbuurtes te verkoop. Die skrywer wy hom teenswoordig aan die diens van barmhartigheid op die eiland.

Christene van alle kerke word opgeroep om met noodleniging te help. As hulle wil hulp verleen kan hulle dit deur middel van die noodleniging ondernemings van die Wêreldraad van Kerke doen. Daar is 40 sulke skemas vir 1962, wat plaaslike kerke in hul armeversorging in verskillende wêrelddele wil steun. Daar is bv. die oprigting, en ontwikkeling van ambagskole, kleinplasies, koshuise, dorpshigiëne, eerstehulp, handwerkklasse vir dogters en weduwees, besproeiingsskemas, ens. Die mense wat gehelp word sluit in vlugtelinge, wese, weduwees, verminktes, oues van dae, onderontwikkeldes, ens.

Die strewe is steeds om die behoeftiges soveel moontlik selfonderhoudend te maak. Daar is bv. by Parys in Sucy-en-Brie 'n Protestantse deurgangs-sentrum (die sg. Cimade) vir vlugtelinge van Bulgarye, Joegoslawië, Albanië, Algerië. Voordat hierdie mense egter as werkers in die maatskappy kan opgeneem word, moet hulle Frans leer en om dit gou en goed te doen word audio-visuele hulpmiddele vereis. Die kerke word versoek om fondse daarvoor by te dra. In Linz, Oostenryk, word 'n konkreetmenger benodig om die vlugtelinge te leer huise bou. Hierdie voorbeelde vertel van klein ondernemings, wat tog groot gevolge het. Want dit is mense wat geestelik en andersins gerehabiliteer word.

56. Versoekskrif in Bloed

Life and Work van Februarie 1962 verhaal die volgende:

Enkele maande gelede is 'n brief by die kantoor van die Wêreldraad in Genève ontvang. Dit was 'n besondere brief op 'n groot blad geskrywe in die taal van Korea en skynbaar in rooi ink. Maar 'n bygaande vertaling het verduidelik dat die rooi ink in werklikheid die bloed van 'n mens was. Dit was uit Seoul na die direkteur van die Interkerklike Hulpverlening en Vlugtelinge diens van die Wêreldraad van Kerke gestuur. Die volgende het daarin gestaan:

" 'n Versoek uit die allerdiepste nood. Ek is 'n brandarm en werklose persoon. Die rede waarom ek besluit het om hierdie bloedbrief te skrywe is dat ek nie langer die verhongering van my kinders kan aansien nie.

Help my asseblief en trek my op uit hierdie kuil van verlatenheid en hulpeloosheid. Ek is in die versoeking om te begin steel - maar hoe kan ek so iets aanvang met die oë van my huilende kindertjies op my gerig? Help ons asseblief voordat ons die ewigheid ingaan. Dalk haat u my omdat ek so 'n dwase en onhoflike mens is, maar ek kon my kinders nie aan die hongerdood oorlaat nie".

Hierdie "bloedbrief" is 'n teken van die verskriklike lyding wat in Korea algemeen is. Deur middel van die Interkerklike hulpverleningfonds voed die kerke daagliks duisende Koreane, onderhou T.B.-klinieke, weeshuise, tehuise vir weduwees van soldate wat in die oorlog gesneuwel het, en 'n amputeersentrum waar baie Koreane wat ledemate deur melaatsheid, ander siektes of die oorlog verloor het, behandel kan word en kuns ledemate ontvang. En hierdie verminktes is in die meeste gevalle mense wat deur hul eie naasbestaandes in die pad gesteek is. Want in 'n normale gemeenskap is daar geen plek vir sulke ongelukkiges wat vir eie onderhoud niks kan bydra nie!

Moenie dink dat in 'n wêreld waar lewensomstandighede steeds verbeter, 'n land met bogetekende lewenstoestande 'n skokkende uitsondering is nie. Hierdie toestande heers in baie dele van die wêreld en 'n gesonde, welgevoede en goedbehuisde volk is veeleer die uitsondering.

57. Sekretaris van die Wêreldraad in die V.S.A.

Ecumenical Press Service van 18 Mei 1962 haal enkele uitlatings van die algemene sekretaris van die Wêreldraad van Kerke in Minneapolis aan. Die eerste gaan oor sinkretisme. Daarvoor, het hy gesê, moet die kerk oral op sy hoede wees. Met sinkretisme bedoel hy, het hy verduidelik, die beskouing dat daar geen eenmalige openbaring is nie en dat dit nodig is om so veel moontlik alle godsdienstige idees en ervaringe te harmoniseer om sodoende één algemene godsdiens vir die wêreld tot stand te bring. As Christene nie alle pogings om godsdienste te vermeng resoluut teenstaan nie, mag dit gebeur dat hulle eersdaags baie ryk aan godsdiens maar baie arm aan die Christendom sal wees. Dr. Visser 't Hooft het sinkretisme in drie lesings aan die Luther Theological Seminary bespreek. Die Christelike Kerk moet die wêreld oortuig dat aan hom die boodskap toevertrou is wat vir almal bedoel is en wat mag het om die mensdom te verenig. Hierdie algemeenheid van die Christendom is verdring deur die individualisme wat ons van die Renaissance oorgeërf het met die gevolg dat moderne mense hul gekeer het na godsdienstige begrippe wat meer omvattend lyk as individualistiese vroomheid.

Dit is hoog tyd, het hy gesê, dat Christene her-ontdek dat Jesus Christus nie gekom het om 'n bydrae te lewer vir die godsdienstige skatkamer nie, maar dat in Hom God die mensdom met Homself versoen het. Christus het eenmaal vir die sondaars gesterwe. Daar is nie ander inkarnasies nie.

Sy andere uitlatings gaan oor die Vatikaanse Konsilie en is geneem uit 'n toespraak wat hy in Minneapolis gehou het. Hy het die hoop uitgespreek dat die aanstaande konsilie dit vir Roomse en Protestante moontlik sou maak om die gesprek met mekaar voort te sit en mekaar aktuele vrae te stel. Die Vatikaanse Konsilie kon die bewys lewer dat die saak van eenheid hom erns is deur werk daarvan te maak om party struikelblokke tussen Roomse en Protestante uit die weg te ruim. As voorbeeld het hy genoem godsdienstige vryheid en gemengde huwelike (van Roomse en Protestantse mense).

Ons het wat hierdie sake betref, het hy gesê, ope ore by sommige hooggeplaastes gevind, maar ons het nog geen benul wat die Vatikaanse Konsilie se houding gaan wees nie.

Dr. Visser 't Hooft het gewaarsku dat "naiewe mense" verkeerde gevolgtrekkings maak uit die vriendskaplike verhouding wat daar tussen die Roomse Kerk en ander Christelike liggame ontstaan het. Hulle meen dat die Roomse en die ander kerke bereid is om mekaar te omhels en tot eenheid te kom. "Ek weet nie." het hy vervolg, "van 'n enkele kerk in die Wêreldraad van Kerke wat bereid is om met die Roomse Kerk te verenig op grondslag van die Roomse ekklesiologie nie en ek weet nie hoe Rome sy ekklesiologie ooit kan verander en nog Rome bly nie. Hieroor is geen tweegesprek moontlik nie, ook nie oor die vraag of Rome by die Wêreldraad sal aansluit nie. Daar is egter baie ander sake waaroor gespreek kan word en hoflikheid en 'n nuwe houding teenoor mekaar is wel moontlik."

* * * * * * * * * * * * * * *

## Men's Communities. (NWM means that there are non white members of the community)

<u>The Community of the Resurrection, Rosettenville, Johannesburg</u> NWM

also at S. Peter's College, Federal Seminary, Alice.

Work in African townships, Johannesburg; Baragwanath Hospital

Preaching: conducting Parochial Missions: conducting retreats, for all races

At Alice, training of African Ordination candidates.

(Mother House in ~~E~~ Mirfield, England)

<u>The Society of the Sacred Mission</u> NWM (though none working in South Africa).

Modderpoort, Bloemfontein, Welkom: Basutoland.

Pastoral and Evangelistic work in those districts, mainly among Africans. Educational work S. Agnes School, ~~Bo~~ Teyateyaneng, B'land.

Mother house at Kelham England.

<u>The Society of St John the Evangelist</u> NWM

Cape Town, Tsolo (in Transkei)

Pastoral and Evangelistic work among Africans.

Mother house, Cowley, Oxford, England.

## WOMEN'S COMMUNITIES.

<u>The Community of the Resurrection of Our Lord</u>. NWM

Grahamstown, Port Elizabeth, East London, Queenstown, Cape Town

Education (Grahamstown Training College): pastoral and evangelistic work mainly among white and coloured and Chinese people.

Orphanages for white and coloured children.

Mother house at Grahamstown.

P

<u>The Order of the Holy Paraclete</u> NWM.

Johannesburg, Swaziland, Cape Town.

Care of Retreat house in Johannesburg

S. Michael's High School, Mazini, Swaziland

Pastoral, social & evangelistic work among coloured people in CT.

Mother house, Whitby England.

Society of St John the Divine, Pietermaritzburg:
Educational: St Johns School Scottville:
Mother house ~~K~~ Pietermaritzburg

Community of S. Michael and All Angels, Bloemfontein:
Educational: S. Michaels School for Girls, Bloemfontein.
Pastoral work locally.
Pastoral work, St Matthew's Mission, Kimberley
Mother house Bloemfontein.

Community of St Denys,
All Saints, Engcobo C.P. Nursing, in Mission Hospital.
Mother house, Warminster, England.

Community of St John the Baptist (All African)
Tsolo: pastoral, evangelistic work: care of African girls in weaving, domestic science & tailoring institutions.
Mother house, Tsolo

Community of S. Mary the Virgin

Irene, Trl: Homes for backward girls, and aged and infirm women. (white)
Pretoria: S. Mary's School for girls (white)
Tsolo: Pastoral, evangelistic, medical work (African)
Mother house; Wantage, England.
~~Daug~~

Daughters of Mary, Sekhukhuniland (All African – very tiny)
Pastoral and evangelistic work.

Sisterhood of S. Margaret.

Johannesburg. Pastoral work in Cathedral parish.

S. Mary's orphanage: (white)

S. Joseph's home: (coloured)

Mother House, East Grinstead, England.

‡

Society of the Precious Blood NWM

Masite, Basutoland: Enclosed and contemplative order.

Mother house, Burnham England.

Community of the Holy Name, ~~Leribe~~ NWM

Leribe, Basutoland: Educational, pastoral, evangelistic work.

Mother house, Malvern, England.

# A Note on the extension work of the Church.

There is no separate organisation of church and mission, as with some religious communions. Each diocese is divided into separate ~~of~~ areas of pastoral responsibility; it is the responsibility of the priest concerned to care not only for his own people, but ~~all~~ others who are not touched by other Christian workers.

The church is in a state of mission to people of all races: there are many white people who have no religion at all.

How this extension work is done is very much left to the judgment of the parish priest, ~~and~~ subject to any diocesan campaigns which may be arranged.

There is a regrettable tendency just to care for the people we have rather than to seek for those outside: but there are honorable exceptions to this.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.